# Rustenburg Gemeenskapskerk

## 30 Julie 2023

26 Zandstraat
Rustenburg
0299
www.rtbgkerk.org


Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer - 071 675 5546
E-pos / E-mail: estavanzyl0812@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

### Vandag by die Kerk

**09h00 - Erediens**
**09h00 - Kleuterkerk**
**10h00 - Kategese**



### Geloof help met keuses



Elke dag word ons gedruk om 'n klomp keuses te maak. Sommige is maklik, soos om te besluit of ek vroeg genoeg uit die bed gaan opstaan om betyds by die werk te wees. Sommige keuses maak ons vir onsself moeilik, soos vroue wat besluiteloos voor die klerekas staan en nie weet wat om uit die hordes klere te kies om aan te trek nie.

Ander keuses is vir sommige moeilik, soos of jy daai drieletter-woordjie by jou *browser* gaan intik om na dinge te kyk wat jy weet nie reg is nie. Of jy die *bribe* gaan betaal. Of jy die geldjies gaan stoot, net om die *deal* te kry – sodat die besigheid tog net oorleef.

Die mense wat saam met ons deur die lewe loop, skryf saam aan die reëls en die reëls verander daagliks. Wat gister verkeerd was, is vandag nie meer so verkeerd nie en môre heeltemal reg. En dit maak ons besluitneming soveel moeiliker. As almal dit so doen, hoekom kan ek dan nie ook nie?

Tog dink ek dat daar geen beter tyd is om op te staan vir wat reg is, as nou nie. Die wêreld het standvastige mense nodig wat voor stap en wys hoe maak 'n mens die regte keuses in die lewe. En geloof help 'n mens om die regte keuses in die woeste wêreld daar buite te neem.

Hiervan is Moses 'n goeie voorbeeld. Hy het lekker sag grootgeword in die paleis en alles gehad wat hy wou hê. Alles is letterlik vir hom op die hande aangedra. Hy kon net sy vingers klap, dan word sy behoeftes net daar en dan aan voldoen. Tog maak hy 'n ander keuse: **24Omdat hy op die Here vertrou het, het Moses, toe hy groter geword het, geweier dat mense hom die kleinseun van die koning van Egipte noem. 25Hy het sy keuse gemaak: hy sou eerder sleg behandel word saam met die mense van God as om 'n kort rukkie lekker in die sonde te baljaar.**

Moses het op God vertrou. Moses het geglo in God en wanneer jy in God glo, wil jy jou lewe lei soos jy weet die Een waarin jy glo, sal wil hê jy moet leef. Hy het geweet as hy in die paleis bly, gaan hy dinge doen wat nie binne God se wil is nie. Daarom het hy besluit om eerder saam met sy volk te gaan swaarkry, as om in die sonde te bad.

Dit was nie 'n maklike keuse nie, want die lewe saam met die farao se kleinkinders en vriende het darem al te lekker gelyk. Sy geloof in God het hom egter gehelp en dit makliker gemaak om die regte keuse te maak.

Dis wat geloof doen. Geloof help ons om hier op aarde makliker reg te kies. Geloof help ons om kans te sien vir moeilike tye. Ons vermy nie swaar tye deur verkeerde keuses te maak nie. Geloof in God laat ons die regte keuse doen, al is swaar tye dalk deel daarvan, want ons weet en glo en vertrou dat God aan die ander kant Sy beloftes sal waar maak.

Maak seker dat jou geloof in God vas is. Maak seker dat dit onwankelbaar is, dan sal jou keuses in hierdie wêreld soveel makliker wees.

### -i toonbank in portaal vir:



- Nuwe lidmaat registrasie
- Nuwe selfoonnommers / E-posse adresse en veranderinge
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke
- Karnaval inligting en kaartjies

### Verjaarsdae 30 Julie – 5 Aug 2023

30-Ynette Austin, Johan Schoeman
31-Karmea Pieterse, André Smit

**Augustus**



1-Mariette Snyman
2-Izaan du Toit,
Damin Richter
3-Nico Roux
4-Elaine Opperman
Arnold vd Walt
5-Rista de Mans, Zander Kleinsmit
Kappie Kleinsmit, Christa Giessing

### Top Tiener kuier



Vrydag 4 Augustus
17h00 - 19h00
Wildbesigtiging by Nico Roux Veilingkraal
Ons braai gou 'n vinnige vleisie daar
Kinders wat vervoer soontoe en terug wil hê, moet 16h00 by Zandstraat 26 wees

### Teebeurte



30 Julie - Wyk 7+8
6 Augustus - Wyk 9+10
13 Augustus - Wyk 11 +12

### Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening kom @ 'n prys.

Kan jy asb. maandeliks help?
☐ EFT
☐ Stoporder



Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid
Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank*

### Skakel in by die volgende whatsapp groepe

1. RGK Goeie Nuus
2. RGK Werksoekspan
3. RGK Rek-jou-Rand groep. Whatsapp versoek na ds. Theo by 066 270 3086

### Voorbidding benodig



- **Ivy Swart**
- **Paul Bezuidenhout**
- **Lien Pelser**
- **Sannette vd Walt**
- **Theunette Engelbrecht**
- **Petra van Dyk**
- **Alwyn Barnard**
- **Annetjie van Loggenberg**
- **Breggie Opperman**

### Gospelfees 27 Augustus 10h00 - 14h00 by RHS skoolsaal



09h00 - 09h30: Koffie te koop
09h30 - 10h00: Lof en aanbiddingsliedere
10h00: Feesboodskap
10h15: Kunstenaars
12h00: Verversings te koop
12h00: RGK Besigheids-stalletjies